Aan: Katkisante, ouers en kategete

Bybelverspreiding

Soos u weet het ons een of twee keer per jaar ’n Bybelverspreiding aksie by die Karel Bremer Hospitaal, waartydens ons Bybels aan die pasiënte uitdeel.

Die Borg-n-Bybel komitee besluit om hierdie jaar die Bybelverspreiding aksie nader aan die ‘huis’ te bring en om **al** die katkisante die geleentheid te gee om deel te neem.

Kinders kan die komende vakansie gebruik om voor te bereid en wanneer hulle gemaklik is, met iemand, bv. ’n maatjie, die huis- of tuinhulp, die teller by ’n winkel, of petroljoggie, oor die Bybel te praat en te vra of hulle ’n Bybel het en indien nie, of hulle graag ’n Bybel wil hê.

Ons sal die tweede Sondag van volgende kwartaal aan elke katkisant wat wil deelneem ’n Bybel oorhandig. Dit is belangrik dat elke persoon aan wie die katkisant die Bybel oorhandig, een kry in die taal wat hulle kan lees. Die Bybels is in Afrikaans, Engels en Khosa beskikbaar.

Ons vra vriendelik dat die Kategete, in die eerste katkisasie klas na die vakansie, vir ons ’n lys van name maak van die katkisante wat ’n Bybel wil hê vir Bybelverspreiding en in watter taal. Hierdie Bybels kan die kinders dan gaan oorhand aan die persoon deur hulle geïdentifiseer.

Indien moontlik kan julle vir ons ’n foto neem wat ons op ons Webtuiste kan plaas van die oorhandiging geleentheid. Foto’s kan ge-epos word aan debbie@daanjoubert.com of ge-SMS word aan 082 451 1076.

Ons hoop julle sien almal uit daarna om die Woord van die Here op hierdie manier te versprei!

Borg-n-Bybel Komitee
Gereformeerde Kerk, Bellville
18 Junie 2014